NG Gemeente Jeffreysbaai



# SENDING

***"God maak ons Golwe van Liefde en Lig vir die Wêreld in Nood"***

***"En hierdie evangelie van die Koninkryk sal
in die hele wêreld verkondig word,
sodat al die nasies die getuienis kan hoor.
Eers dan sal die einde kom"***

***- Matteus 24:14***

# Vertrekpunt

**Verbondsgod**

Ons glo in die Drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees. God wil in 'n verhouding met die mense lewe en daarom het Hy na Adam en Eva gekom en die eerste belofte van die Verlosser gegee (Gen. 3:15). Later het die verhouding op die ewige verbond met Abraham uitgeloop (Gen. 12,15,17). Hy sal voortaan hulle God wees en verbondsgenote sal sy volk wees (Heb. 8:10). Die doel van die verbond was om vir alle mense tot seën te wees.

**Koninkryk van God**

Die getuienis van die kerk is verbondstigtende werk. Met Christus se koms het die tyd vir die daar oopstel van die verbond vir alle nasies aangebreek. Sedert Christus se koms, word daar van die Koninkryk gepraat (Matt. 4:17; 11:12; Hand. 1:3).
In Christus word alle gelowiges uit alle nasies tot een nuwe mensheid verander (Ef. 2:11-21). Die genadeverbond in die Koninkryk van God sluit nou alle volke in. Om die voltooiing van die verbond te bereik, moet alle verbondsgenote (kinders van God wat in Jesus glo) aktief sy laaste opdrag uitvoer, nl. "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels" (Matt. 28:18-20).

Koninkryk- en verbondsgenote laat hulle altyd deur God se Woord en Gees lei. Gebed (Matt.6:10), die gee van gawes (3Joh.1: 5-8) en om te gaan, of gestuur te word (Hand.13:1-2) is primêre take vir koninkryksuitbreiding. Ons het ons ook verbind tot hierdie koninkrykstaak om só gehoorsaam te wees aan sy laaste opdrag. Ons weet ons is op pad na die wederkoms en dan sal die verbond volmaak wees wanneer God by die mense woon as hulle God en hulle sal Sy volk wees (Openb. 21:3). Ons lewe uit die vreugde van die Evangelie van die kruis en die opstanding van Jesus Christus en wil dit graag met ander mense deel.

**Handelinge 1:8**

Ons gemeente se uitgangspunt is dat Hand. 1:8 ons leer om sy getuies te wees in Jerusalem (plaaslik) sowel as in Judea (buite gemeentegrense) sowel as in Samaria (verder weg) en tot aan die uithoeke van die wêreld.



# Missie

Die sendingbediening streef daarna om die NG Gemeente Jeffreysbaai te help om as gemeente aktief betrokke te wees by alle aspekte van om "gestuur" te wees.

# Stuurselle

'n **Stuursel** is 'n **WhatsApp-groep** wat die belange van 'n spesifieke bediening dra. As jy deel is van die groep, ontvang jy **gereelde inligting** oor die bediening: wat daar gebeur, watter behoeftes daar is en hoe jy kan help.

Die doel van 'n stuursel is eenvoudig:

- Jy weet **waarvoor om te bid**.
- Jy hoor **hoe jy jou gawes kan deel.**
- Jy kry duidelikheid oor wat **spesifiek benodig word.**
- Jy kan **ondersteuning bied** waar dit die meeste saakmaak.

Die kommunikasie wat op die stuursel gedeel word, gaan nie altyd na die hele gemeente toe nie. Daarom is dit belangrik om deel van die WhatsApp-groep te wees as jy regtig wil weet wat aangaan en hoe jy kan ondersteun.

## Om deel te word van 'n stuursel:

- WhatsApp ons kantoor-selfoonnommer en vra om deel te word van 'n spesifieke groep en jy sal bygevoeg word, of
- gebruik die **QR-kode** in die boekie om direk aan te sluit.



# Waar is ons betrokke?

## In Jeffreysbaai

### JOSHUAPROJEK:

Joshua Project is ’n veilige hawe vir kwesbare kinders in die Kougagebied. Hier kry hulle kos, onderwys, mentorskap en geestelike begeleiding – alles wat hoop bring en ’n toekoms bou.

As gemeente wil ons saam met Joshua Project staan:

- **Bid** vir die kinders en die span wat hulle daagliks ondersteun.
- **Deel jou gawes** – of dit jou tyd, vaardighede of hulpbronne is.
- **Word betrokke** en help om lig te bring in ’n kind se lewe.

Sluit by ons WhatsApp-groep aan (QR-kode) om gereeld nuus, gebedspunte en geleenthede te ontvang.





### MAKUKHANYE SKOOL

Makukhanye Primêr in Jeffreysbaai bedien meer as 1 200 leerders. Baie kinders kom uit uitdagende omstandighede, maar die skool bied ’n plek van leer en groei. Ons gemeente raak betrokke deur buitemuurse aktiwiteite soos koor- en sokkerafrigting, en ook deur uitreike op Saterdae waar kos aan kinders gegee word.

Ons staan saam met Makukhanye:

- **Bid** vir die onderwysers en leerders.
- **Deel jou gawes** in sport, musiek of praktiese hulp.
- **Word betrokke** by Saterdag-uitreike.

Sluit by ons WhatsApp-groep aan (QR-kode) vir nuus en gebedspunte.




## In die Oos-Kaap

### Nyathi-Uitreik

Nyathi-Uitreik fokus op evangelisasie en gemeenskapsontwikkeling wat hand aan hand loop. Ons gemeente neem jaarliks aan 'n uitreik deel waar mense prakties betrokke kan raak. Die visie is om 'n langtermynbediening te bou wat hoop bring en gemeenskappe versterk

Ons staan saam met Nyathi:

- **Bid** vir die span en gemeenskappe.
- **Deel jou gawes** tydens die jaarlikse uitreik.
- **Word betrokke** by die langtermynvisie.

Sluit by die WhatsApp-groep aan (QR-kode) vir nuus en gebedspunte.




## In Afrika

### Mosambiek – Muapula

In Muapula, Noord-Mosambiek, werk sendelinge aan Bybelvertaling en opleiding vir die Makhua-gemeenskap. Hulle bring God se Woord in die plaaslike taal en bou gemeentes wat die evangelie uitleef.
Ons staan saam met Muapula:

- **Bid** vir die vertalers en gemeentes.
- **Deel jou gawes** om hierdie werk te ondersteun.
- **Word betrokke** en help die lig van Christus versprei.

Sluit by die WhatsApp-groep aan (QR-kode) vir nuus en gebedspunte.







## Tot die uithoeke van die wêreld

### Indië – Chennai

In Chennai ondersteun ons die bediening Echo of His Call, wat gemeentes plant, kinders ondersteun en die evangelie deel. Ons gemeente beplan ook elke paar jaar 'n uitreik na Indië, waar mense prakties kan deelneem.

Ons staan saam met Chennai:

- **Bid** vir Echo of His Call en die gemeentes.
- **Deel** jou gawes om die bediening te dra.
- **Word betrokke** en hou ons kommunikasie dop i.v.m. die volgende uitreik.

Sluit by die WhatsApp- groep aan (QR-kode) vir nuus en gebedspunte.

### Feba Radio

Feba Radio is deel van 'n wêreldwye bediening wat die evangelie deur radio, digitale media en gemeenskapsprojekte versprei. Hulle bereik miljoene mense in lande waar die evangelie moeilik gehoor word.

Ons staan saam met Feba Radio:

- **Bid** vir die span en die luisteraars.
- **Deel** jou gawes om die bediening te ondersteun.
- **Word betrokke** en help die goeie nuus versprei.

Vind meer uit by:
www.febaradio.co.za

# Ondersteun ons Sendingbediening

"Elke knie sal voor Hom buig en elke tong
bely dat Jesus die HERE is tot eer van God die Vader"

## GELOOFOFFERS

Geloofoffers is 'n finansiële bydrae wat lidmate vrywillig vir sendingwerk maak.

Dit kan deur EFT of koevertbydraes gemaak word.
Daar is koevertjies van al ons kampusse in die voorportaal asook by die kerkkantoor beskikbaar wat in die kollektehouers gegooi kan word.

Geloofoffers kan jaarliks of maandeliks bygedra word. Lidmate word aangemoedig om aan die geloofofferbydraes deel te neem.

Alle koevertjies moet "Geloofoffers" gemerk word.
Alle EFT inbetalings moet met die verwysing "Geloofoffer" gemaak word.

Snap here to pay
SnapScan

Jou finansiële bydraes en gawes maak 'n verskil



Finansiële **bydraes**

**Jy kan die volgende metodes gebruik:**

- Elektroniese betaling (EFT)
- Per kaart by die kerkkantoor/ inligtingstoonbank
- Snapscan-stelsel
- Koevertjie-bydraes (kry 'n koevertjie by die kerk/ kerkkantoor)
- Debietorder

**Bankbesonderhede**

Absa Bank
NG Gemeente Jeffreysbaai
ABSA Tjekrekening
**517 014 5625**
Meld: Voorletters & van
Verwysing: Dankoffer/Wyk nr / Projeknaam.
**Kennisname:**
Stuur bewys van elektroniese betaling na:
admin@ngkjeffreys.co.za

NG Gemeente Jeffreysbaai

Kontak nommer: 042 296 2451 Adres: h.v. Torchwood & Olienhoutstraat, Wavecrest Kantoorure: Ma. tot Di. 10:00 - 13:00 en Wo. tot Vry. 09:00 - 13:00

NG Gemeente
Jeffreysbaai

***Kontak die kerkkantoor as jy betrokke wil raak of wil kontak maak met een van die bedienings se leiers.***

Administratiewe Inligting


Kantoorure: Maandae- Dinsdae 10:00 - 13:00
Woensdae - Vrydae 09:00 - 13:00
Kontaknommer: 042 296 2451
Adres: H/v Olienhoutstraat &
Torchwoodlaan, Wavecrest

E-pos: kantoor@ngkjeffreys.co.za
Web: www.ngkjeffreys.co.za